

Jeugdag 'n tyd om erkenning te gee aan jongmense se voortdurende stryd

Connor Bam*

Sowat 700. Dit is hoeveel mense – talle jonger as 18 jaar – wat gedurende die Soweto-opstand in 1976 gesterf het. Elke jaar op Jeugdag (16 Junie) gedenk en bring hulde ons aan hierdie dapper jongmans en -vroue vir hul opofferings.

Baie van ons kan vergewe word omdat ons nie oor nasionale dae nadink terwyl ons probeer om die uitdagings wat die COVID-19-pandemie op ons afgedwing het, te probeer hanteer nie. Omdat ons reeds vir 'n geruime tyd onder 'n staat van inperking is, kan 'n mens maklik tred verloor met watter dag van die week dit is. En daarom kan 'n belangrike nasionale dag dalk ongesiens en ongevierd verbygaan.

Maar ons moenie 16 Junie ongesiens laat verbygaan nie, want dit sal die herinnering aan die meer as 20 000 leerlinge wat in Soweto opgeruk het teen die inwerkingstelling van Afrikaans as onderrigtaal deur die Bantoe-onderwysdepartement in 1975 oneer aandoen. Die optog was egter ook tekenend van baie groter ontevredenheid. Ontevredenheid oor 'n stelsel wat swart jeugdiges afgeskei, verdeel en onderdruk het. Hulle het deur hul aksie 'n stem aan die jeug van Suid-Afrika gegee, 'n stem wat nie stilgemaak kon word nie, ongeag die prys. Jeugdag is 'n geleentheid om terug te kyk en ons eer te betoon aan hierdie dapper jongmense.

Ons moet egter nie toelaat dat die gees van Jeugdag net tot die geskiedkundige konteks daarvan beperk word nie. Die optrede van die jeug tydens die Soweto-opstand word verewig in die ingesteldheid van die huidige en toekomstige geslagte. Hulle het met hul dapperheid 'n presedent vir die jeug van Suid-Afrika geskep. Terwyl dit belangrik is om die opofferings van die jeug tydens Apartheid te respekteer en erken, moet Jeugdag ook gebruik word om kontemporêre voorbeelde van die hierdie skynende uitdagende gees in die aangesig van ongeregtigheid te erken.

Hier wil ek graag twee voorbeelde noem, naamlik die #feesmustfall-beweging wat in 2015 begin het en na ander kampusse versprei het, en die meer onlangse beweging teen geslagsgebaseerde geweld wat deur die gruwelmoord op die 19-jarige student van die Universiteit van Kaapstad, Uyinene Mrwetyana, veroorsaak is. Albei weerspieël die gees van uitdaging waarvan die 1976 Soweto-optoggers 'n voorbeeld was. Ek probeer nie hierdie gebeure aan mekaar gelykstel nie, maar wil eerder uitlig hoe hulle met mekaar verband hou as gebeure in die geskiedenis van Suid-Afrika wat deur hul assosiasie met die jeug en die stryd vir gelykheid gekenmerk word.

Die landwye #feesmustfall-protosaksies en die massa mobilisasie ter verdediging van die finansiële kwesbares en die stryd om tersiêre inrigtings inklusief te hou te midde van kwaai polisiëreaksie, het herinner aan die uitdagende gees waarvan die 1976 Soweto-opstand so 'n goeie voorbeeld was. Hoewel dit nie uitsluitlik die Suid-Afrikaanse jeug was wat aan die protosoptogte teen geslagsgebaseerde geweld deelgeneem het ná die dood van Uyinene Mrwetyana nie, het die beweging beslis sy stem in die jeug gevind. Te veel jong vroue kon hulself in Uyinene se omstandighede indink. Dit was die jeug se verantwoordelikheid om 'n stelsel wat nie sy burgers beskerm nie, te onbloot.

Dit was nie goed genoeg om net een moordenaar te vind terwyl daar 'n diepliggende kultuur van geweld teen vroue is wat aangespreek moet word nie – een wat tot Suid-Afrika se vroueslagting bydra deur die mislukking om die kernoorzaak van die skokkende hoë voorkoms van geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika aan te spreek. Dit kan gesien word dat die oorsprong van die protosaksie wat tienduisende mense na die Parlement in Kaapstad laat opruk het op 5

September 2019, in die ontstoke uitroepe van Suid-Afrikaanse jeugdige lê – te veel wat hulself in Uyinene se situasie kon voorstel.

'n Oorsaaklike eienskap van die land se jeug is die ingebore vermoë om ongeregtigheid te ontbloot en te bekamp. Ek wil jou op hierdie Jeugdag vra om daardie jong individue te onthou wat hul lewens opgeoffer het sodat ons 'n vrye en inklusiewe Suid-Afrika mag sien. Soos ek vroeër genoem het, is dit nie my bedoeling om enige van die voorbeelde aan mekaar gelyk te stel nie, maar eerder om te beklemtoon waarom die beste manier om hulde te bring aan diegene wat in 1976 so hard teen 'n onregverdige stelsel geveg het, is om die stryd vir gelykheid wat die hedendaagse jeug voer, te erken en te bekragtig.

Ons sien onself in die jeug van 1976 en hoop ons is opgewasse genoeg vir die presedent wat hulle geskep het. Jeugdag moet 'n dag van selfbesinning wees waarop ons respek toon vir die opofferings wat gemaak is, en die voortdurende stryd vir gelykheid in ons pragtige land erken.

***Connor Bam is 'n finalejaarstudent in die geesteswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**